13 September

Tesame met die oë op God

Skrifgedeelte: Genesis 22:1-19 (OAV)
Fokusgedeelte: Genesis 22:6-8

In beide verse 6 en 8 lees ons die woorde: “So het hulle tweede dan saamgeloop.” Dit was ’n saamloop met kwelgedagtes by Abraham en Isak. By Abraham, want as hy sy seun moet offer soos God beveel, wat sal dan word van al God se verbondsbeloftes? Hy het egter geen oomblik gehuiwer nie, want hy het ’n antwoord VAN GOD ontvang, ’n geloofsantwoord: “GOD SAL VOORSIEN.” Lees maar Hebreërs 11:17-19. Sy saamloop met Isak was dus vir hom sinvol.

Hierdie geloofsantwoord was ook voldoende om Isak se kwelgedagtes weg te neem. Hy kwel hom oor die lam wat ontbreek, maar die geloofsantwoord, “God sal voorsien”, maak sy saamloop met sy pa ook sinvol. Hulle kon sinvol saamloop omdat hulle geloof op God gerig was – God wat die ontbrekende voorsien.

Treffend wys dit heen na Jesus Christus, die “ontbrekende”lam, wat geoffer moes word om ons kinders en dierbares se lewe hier op die stukkende aarde tog sinvol te maak, al beskik God soms iets oor ons wat ons kwel en wat ons miskien nie as sinvol ervaar nie, soos byvoorbeeld ’n ernstige siekte of selfs die dood van ’n dierbare op ’n vroeë leeftyd.

Die geloofsantwoord “God sal voorsien” laat ons tog sinvol met mekaar saamloop, ongeag swaarkry en kwellings, want dit is ’n saamloop met Christus wat uiteindelik uitloop op die ewige heerlikheid by God deur Jesus Christus (HK So. 16, v/a 44)

Sing: Skrifberyming 5-4:3-6 *Ds. Philip van der Walt (Emeritus)*